SARL-NUUS SONDAG 10 MEI 2009

U luister na ZS6SRL, die amptelike radiostasie van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word. Oudio is ook beskikbaar via die web: www.sarl.org.za. Klik op ARMI en volg die skakels soos aangedui. Vir oudio via Echolink, koppel met ZS0JPL-R.

Hierdie en vorige bulletins kan van www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang.

U nuusleser is (Naam en Roepsein), op 145,725 MHz vanuit Pretoria, met herleidings op 28,325, 14,235, 10,130, 7,066 en 3,695 MHz ESB, asook op 52,750, 438,825 en 1 297 MHz FM in die Pretoria-gebied. (Ander nuuslesers verander soos toepaslik).

In die nuus vandag:

IS DAAR n SONVLEK IN DIE VOORUITSIG?

NOG STEEDS GEEN 40 METERBAND-UITBREIDING

TYD LOOP UIT VIR DIE RADIOAMATEUR VAN DIE JAAR-TOEKENNINGS

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE ZS6SCI

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir meer besonderhede oor hierdie en ander belangrike en interessante nuusitems.

IS DAAR n SONVLEK IN DIE VOORUITSIG?

Sterrekundiges kyk na die kant van die son en wag vir die verskyning van n aktiewe gebied w
Koronamassa-uitwerpings, in Engels bekend as CME s, is enorme gasborrels met magnetiese veld

TYD LOOP UIT VIR NOMINASIES VIR DIE NSN-TOEKENNINGS VIR RADIOAMATEUR VAN DIE JAAR

Die sluitingsdatum vir die Nokia Siemens-toekennings vir Radioamateur van die Jaar is volgen
Daar is drie klasse van toekennings wat jaarliks deur Nokia Siemens Networks geborg word. Hu

GARTH MILNE- TEGNIESE INNOVASIETOEKENNING Die toekenning is vir die ondersteuning, ontwikkeling en toepassing van tegnologiese innovasie in amateurradio in Suid-Afrika. Die ontvanger is n persoon wat die gebruik van tegnologie bevorder het op klub- of nasionale vlak, of by skole of tersiêre instellings.

NSN- RADIOAMATEUR VAN DIE JAAR Die toekenning word gemaak vir die ondersteuning en ontwikkeling van die amateurradiodiens in Suid-Afrika, nie vir toekennings soos die DXCC of ander operateurstoekennings of kompetisies nie. Die ontvanger is iemand wat sy of haar kennis en tyd gebruik het om amateurradio in Suid-Afrika te bevorder.

NSN- AMATEURRADIO-GEMEENSKAPSDIENSTOEKENNING Die Suid-Afrikaanse Amateurradio-ontwikkelingstrust vereer jaarliks n radioamateur of groep radioamateurs vir diens aan die gemeenskap. Gemeenskapdiens behels bystand aan n gestremde radioamateur, kommunikasie-ondersteuning tydens n sportbyeenkoms of tydens n noodsituasie soos n padongeluk, of n natuurramp soos n oorstroming, veldbrand of aardbewing. Nominasies word ingewag vir n individu of groep persone, soos n radioklub of vereniging. Die nominasievorm is beskikbaar op www.amateurradio.org.za.

NOG STEEDS GEEN 40-METERBAND-UITBREIDING

Die SARL is vandeesweek ingelig dat die konsepdokument terugverwys is na die regsafdeling va

SLUIT NOU AAN EN VERKRY TWEE MAANDE GRATIS LIDMAATSKAP

Nie-lede word uitgenooi om nou aan te sluit teen die afslagfooi van R320, en gratis lidmaats

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE ZS6SCI

'n Spesiale geleentheidstasie met die roepsein ZS6SCI sal daagliks, Maandag 18 tot Vrydag 22
Daar is n beperkte uitgawe QSL-kaart wat slegs vir bevestigde kontakte uitgestuur sal word.

KOMPETISIENUUS

Die ZS4-naelloop, n foon- en GG-aktiwiteit, sal op Sondag 24 Mei tussen 16:00 en 17:00 SAT

Die SARL-jeug-naelloop word op Dinsdag 16 Junie gehou. Begin nou reeds u reelings tref. SARL

Die kompetisiekomitee het die uitslae van die SARL-Hamnetkompetisie wat op Sondag 1 Maart ge

Enkeloperateur, stilstaande mobiel: Geoffery, ZS6GRL, 555 punte.

Enkeloperateur, draagbaar: Jan, ZS1VDV, 2 304 punte. John, ZR6HLT, 558 punte. Tienie, ZS6MHH, 408 punte.

Enkeloperateur, basisstasie: Al, ZS2U, 1 974 punte. Jan, ZS4JAN, 1 800 punte. Colette, ZR2CR, 1 722 punte [nou ZS2CR]. Philip, ZU4PE, 1 176 punte. Theunis, ZS2EC, 878 punte. Martin, ZS4ISH, 768 punte. Pieter, ZS3AOR, 648 punte.

Dankie aan almal wat deelgeneem het en baie geluk aan die wenners.

KLUBNUUS

Die Oos-Randse takvergadering word op 16 Mei 2009 om 14:00 SAT gehou by die klubhuis in Plan

Die volgende ZS6PTA Mega-vlooimark word op Saterdag 30 Mei vanaf 08:00 SAT by die Pretoriase

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak die komende week baie
Die hoeveelheid energie van die son wat die suidelike ionosfeer bereik, is besig om af te ne
Plaaslike toestande gaan bedags op 40 m goed wees. 80 m behoort vroegoggend en laatmiddag go
Onthou dat hierdie net n voorspelling is en dat HF u aangenaam kan verras. Skakel u stel aa

Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

15 Mei Sluitingsdatum vir die SAROT-toekenningsnominasies; 16 Mei Tak Oos-Rand se vergadering; 18 tot 22 Mei Spesiale Geleentheidstasie, ZS6SCI, Sci Bono op die lug; 20 Mei Radioamateureksamen; 24 Mei ZS4-naelloop; 26 Mei Sandtonklub se tegniese vergadering by die NARS; 30 Mei ZS6PTA Mega-vlooimark en RTA in Kwazulu-Natal.

SARL-nuus nooi klubs en individue om nuusberigte wat vir radioamateurs en kortgolfluisteraars van belang is, in te stuur. Indien moontlik, plaas nuusberigte in beide Afrikaans en Engels op www.sarl.org.za/newsinbox.asp, nie later nie as die Donderdag wat die bulletindatum voorafgaan.

Die SARL nooi u ook om te luister na die program Amateur Radio Mirror International, wat om

U het geluister na n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur Dennis, ZS4BS,

Dankie dat u geluister het. 73.

/EX